

Aan elke enkellopende...

As ek op facebook kyk dan lyk dit of ál my vriende en kenisse aan die trou is. En vir 'n lang tyd het ek begin dink... "ek mis uit! Ek moet plan maak" Hier sit ek, 6 jaar op universiteit (Teologie is 'n baie lang graad), ongetroud, enkellopend en het geen kinders nie. En ek het naderhand myself oorreed dat daar 'n rede moet wees!

Soos ek is, het ek begin navorsing doen. Op die internet artikels gelees en resente navorsing gevolg oor verhoudings en "dating" en as ek 'n paartjie ontmoet wat onlangs getroud is dan peper ek hulle met vrae. Met my navorsing het ek die volgende konklusie bereik: Dinge gebeur in God se tyd. In my navorsing het ek besef dat ons ook so dikwels "introspeksie" doen en die fout by ons soek. "Dalk is ek lelik..." "Dalk is ek te lank." "Dalk lag ek vreemd..." "Dalk is ek vet..." en so gaan die stories aan. En ek besef dat wanneer ons dinge oordink dat dit al ons lewensgeluk kan wegneem en steel.

Met verdere oplees besef ek weer dat God nie beperk is óf word deur die dinge wat ons van onself dink nie. Hy vind dit glad nie onmoontlik om iemand spesiaal oor ons paaie te stuur nie. Inteendeel kan 'n persoon ook nie haar of sy persoonlikheid verander om by iemand aan te pas nie, want dan... sal jy jousef verneuk én die persoon waarmee jy uitgaan. Die reël is: wees jousef.

Die waarheid is: God kan haar môre oor my pad stuur. Hy kan haar letterlik van nêrens af bring nie. Dit is een van die mooiste waarhede en ook een van die moeilikste denke moontlik. Ek het definitief al baie daarvoor gebid en vir die Here gevra. En ek weet dat mense ook bid dat hulle gesond word en dan gebeur dit nie, maar dit beteken nie dat God nie die groot Geneesheer is nie (Eksodus 15:26).

Ek ken ook mense wat die Here dien met hart en siel, maar steeds dalk hulle werk verloor of finansiëel in 'n krisis verkeer, maar dit beteken nie dat God nie die Een is wat voorsien nie (Genesis 22:14).

Ons kan nie besluit wie Hy is gebaseer op ons omstandighede nie. Ons moet God leer ken deur dit wat Hy in sy Woord bekend maak. Die Woord sê Hy is die Een wat ons kom optel (Psalm 3). Die Woord sê Hy wil hê dit moet met ons goed gaan. Die Woord sê Hy vervul die begeertes van ons harte (Psalm 37:4).

Daarom sal ek die volgende "uitlating" maak: as jy enkellopend is, is dit nie omdat jy stukkend is nie. Dis ook nie omdat jy nié voluit lewe nié. Wat as, miskien net, dat dit nie iets is wat jy verkeerd doen nie?

Daarom meen ek dat ons in die algemeen moet ophou om alles so te oordink en deurdink en die foute die heeltyd by onself soek. Die Heilige Gees sal jou oortuig as iets nie reg in jou lewe is nie. Geloof gaan nie daarvoor dat ek die perfekte meisie het nie. Geloof is wanneer jy al meer troues gehou het as wat jy op jou twee hande kan tel. En die enigste persoon wat jou WhatsApp is jou ouma, maar jý weier om op te gee. Dis geloof in Hom wat die hemel en die aarde gemaak het.

So as jy saam met my wonder waarom jy steeds enkellopend is – ek het nie vir jou 'n antwoord nie. Al wat ek wel weet is dat God vrede bied, sonder verstaan. God bied rus en sterkte ten midde van die vrae wat ons het. Daarom hou ek my geloof en hoop dat sy sal opdaag, maar

vir nou is ek stil-tevrede in Hom wat wel weet hóé dinge moet wees. Ek verheug my daarin dat Hy die beste weet.

Binne 'n oogwink kan God dinge verander... en dalk terwyl jy hier lees en wonder doen die Here wat Hy vir jou beplan het.

Mooiloo!

Nico Smit.